# „HET BIJBELSE SCHEPPINGSVERHAAL EN DE NATUURWETENSCHAP"

deur A. A. Manten in **Koers**, Maart tot Junie 1959.

1. Dat A. A. Manten (soos ook ons) met die vraagstuk van Bybel en evolusie worstel, verdien waardering. Op Manten [1]) se eksegese van Gen. I het prof. S. du Toit (**Koers**, Sept. 1959) geantwoord. My bespreking beperk ek tot enkele metodologiese opmerkings. Dat veral palaeontologiese vondste ons Gereformeerde eksegese (wat van die van Manten verskil, maar wat nie fundamentalisties is nie) voor moeilike vraagstukke stel, moet erken word.

2. Elke wetenskap (teologie, wysbegeerte en vakwetenskappe) en alle wetenskappe onderling staan in die teken van 'n stryd om waarheid. Dit is maar 'n faset van die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis, 'n stryd wat tot die einde van die dae sal aanhou en al skerper sal word. Om egter m.b.t. die onderhawige konflik (nl. die tussen eksegese van die skeppingsverhaal en die evolusieleer) die fout primêr, hoofsaaklik of selfs uitsluitlik by teoloë (priesters, predikante, kerk) te soek is eensydig. Aan hierdie eensydigheid ontkom ook Manten nie. Meer gebalanseerd is 'n oordeel soos die van A. N. Whitehead (natuurwetenskaplike en natuurfilosoof): „Our ideas will be in a wrong perspective if we think . . . . that in this controversy religion was always wrong and science always right" (**Science and the Modern World, 1938**, bl. 212).

Wat Manten se eensydigheid in hierdie opsig betref, beperk ek my net tot sy opmerking (bl. 428) dat ondersoekers uit Protestantse kringe gedurende die laaste 100 jaar die kerk vaarwel gesê het vanweë die **onbuigsame houding** (ek kursiveer) insake vertolking van die skeppingsverhaal. Dat kerkleiers in die betrokke aangeleentheid met hul oortuigings en optrede gefouteer het, kan nie ontken word nie. Maar vandag erken natuurwetenskaplikes (in die huidige grondslae-krisis van die natuurwetenskap self) dat voorgangers van hulle gedurende die afgelope 100 jaar 'n arrogant self-versekerde **onbuigsame houding** ingeneem het, wat in 'n positivistiese, meganistiese en deterministiese

wetenskapsidee gegrond was, wat materialisme en selfs ateïsme bevorder het en wat a priori skepping, bestiering en die Voorsienigheid van God uitgeskakel het. Sou hierdie **onbuigsame houding** nie ook daartoe bygedra het, dat ondersoekers in die naam van die ‚heilige wetenskap' die kerk verlaat het nie?[2])

3. Deur twee verkeerde disjunksies stel Manten sy betoog eensydig en skeef.

a. Die korrekte disjunksie is Bybel (wat Manten tereg as ‚heilig en canoniek' beskou) én natuurfeit **teenoor** eksegese (wat hy tereg as feilbare mensewerk beskou) én natuurwetenskap (wat tog ook feilbare mensewerk is) respektiewelik. Manten stel egter **eksegese** van die skeppingsverhaal teenoor ‚natuurwetenskaplike **feite**' (vgl. o.a. bll. 267/8/9, 336, 385 en 426). Aldus kom die feilbaarheid van die teoloog onder die volle soeklig, maar die feilbaarheid van die natuurwetenskaplike nie. Dat natuurwetenskaplike verklaring 'n teoretiese vertolking van feite is, word nie behandel **nie**.

b. Die korrekte disjunksie is **feite** teenoor **beginsels**. Met feite en beginsels het sowél natuurwetenskap ás teologie te doen. So bied bv. Genesis I o.i. 'n voorwetenskaplike openbaring van sowel prinsipiële onderskeidings as van Goddelike skeppingsdade (‚wonderfeite') [3]) en tref ons by bv. die evolusieleer sowel prinsipiële onderskeidings as feite aan. Manten egter stel **natuurwetenskaplike feite** teenoor **Skrifbeginsels** (bl. 336) en 'n prinsipiële Skrifbeskouing. Die geopenbaarde wonderfeite van die skeppingswerk van God het volgens hom geen betekenis vir die natuurwetenskap nie; en van natuurwetenskaplike beginsels verneem ons eintlik niks nie. Ook aldus word die feilbaarheid van die teologie beklemtoon, maar nie die van die natuurwetenskap nie. **Interessant is dit egter** dat al trag hy (volgens hierbo aangeduide wyse) die wrywingsvlakke van natuurwetenskap en teologie dualisties van mekaar te haal, hy nolens volens tog weer in dieselfde konflik beland. Want volgens hom leer Gods Woord dat son, maan en sterre (materie?) nie ewig is nie, maar geskape; dat alles wat bestaan deur die wil van God bestaan; dat die doel van die wetenskap die mens [4]) is; dat die wêreld 'n sin het wat buite homself geleë is; dat die struktuurrykdom van die wêreld nie ontstaan het as gevolg van 'n wisselwerking van volledig willekeurig werkende kragte nie; ensovoorts. Manten se natuurwetenskaplike wetenskapsidee kan nie anders as om hiermee rekening te hou nie. Maar aanvaar die gangbare Skrif-ignorerende natuurwetenskap (i.c. evolusieleer) nie 'n wetenskapsidee wat die natuur (i.c. evolusie) buite God om uit ‚willekeurig werkende kragte' wil verklaar nie? Manten beskuldig bv. Simpson, Häckel en Huxley (bl. 428) daarvan dat **hul** betrokke beskouings die terrein van die natuurwetenskap verlaat. Maar is hierdie beskouings nie eerder konsekwensies van 'n natuurwetenskaplike wetenskapsidee wat God en Sy skepping a **priori** (vooraf) uitskakel, en wat a priori aan natuurondersooek ten grondslag gelê word nie? As Manten teen natuurwetenskaplike grensoorskryding waarsku, word sy onderskeiding van die terreine van

natuurwetenskap en teologie nie juis medebepaal deur sy Skriftuurlike visie op die natuur nie? En al onderskei hy hier (met die skyn van in dualisme te val), blyk dit dat hy die terreine tog nie kan skei nie. Trouens, alle waarheid hang saam, en die openbaring van God in Sy Woord en in Sy werke (bv. natuurfeite) komplementeer mekaar. Wat ek egter in hierdie verband by hom mis is 'n grondslae-kritiek van die natuurwetenskap self (iets wat in die huidige krisis van die natuurwetenskappe juis van natuurwetenskaplike kant soveel aandag geniet).

4. Manten maak gebruik van 'n argumentum ex consensu. „Tegenwoordig wordt het feit der evolutie (..... (en) het begrip evolutie als zodanig ... ) wel algemeen aanvaard" (bl. 265).

a. Die waarde van 'n argumentum ex consensu is betreklik. Want consensus is geen waarheidskriterium nie. Nie wat algemeen aanvaar word, is waar nie, maar wat waar is, behoort algemeen aanvaar te word. Onware opvattings kan ook algemeen aanvaar word. Die betreklike waarde van die consensus-argument blyk bv. uit die volgende. Eers is die Ptolemaeiese (geosentriese) en daarna die kopernikaanse (helio-sentriese) wêreldbeeld algemeen aanvaar; vandag word van 'n galaktosentriese wêreldbeeld gewag gemaak. Die relativiteitsteorie egter impliseer (volgens Einstein en H. Poincaré) dat niemand kan sê watter van die genoemde wêreldbeelde met die werklikheid ooreenstem nie; en dat al drie ewe waar kan wees volgens die respektiewe referensiepunt waarvan uitgegaan word. Die natuurfilosoof H. Dingle beweer selfs: „Sunrise may be nearer to the ultimate truth than galactic rotation, and in any case affords a better description of terrestial experience" (**The Srientific Adventure,** 1952, bl. 363).

b. Dit maak vir die teoloog 'n verskil of ‚evolusie' as feit, postulaat, werkhipotese of beginsel ‚aanvaar' word. Wat word bowendien onder ‚evolusie' verstaan? Word ‚evolusie' as ontstaan van variasies opgevat en meteen beklemtoon dat die variabiliteit van tipes onoorsigtelik ryker is as wat voorheen ooit vermoed was, dan sal selfs Gereformeerde teoloë die consensus byval. Skakel egter die begrip van evolusie a priori die voorsienige bestuur van God uit, dan sal selfs Manten sy rug op die consensus keer. Let ons egter nie net op feite nie, maar ook op beginsels wat met ‚evolusie' saamhang, dan blyk die consensus-argument onhoudbaar te wees. Hiervan enkele voorbeelde.

c. Bestaan daar 'n **prinsipiële** verskil tussen fisies-chemiese materie en 'n lewende organisme, sodat 'n lewende sel **nie** (soos die generatio-spontanea-leer **wel** wil) **vanself** uit louter fisies-chemiese prosesse kon ontstaan het nie? Oor hierdie **beginselvraag** gaan biologiese beskouings uiteen. [5]) Het die Skrifopenbaring dat die ontstaan van lewe in prinsipiële sin 'n besondere skeppingswoord van God vereis het, hier hoegenaamd geen betekenis nie? Manten self sê dat die struktuurrykdom van die wêreld nie aan volledig willekeurig werkende kragte toegeskryf mag word nie.

d. Is al die ‚struktuurrykdom' van plante, diere en die mens (wat ook volgens Manten sy oorsprong in God

vind) genealogies verwant (soos die monofiletiese evolusieleer handhaaf) of nie (soos die polifiletiese evolusieleer handhaaf)? Ook hieromtrent heers geen consensus nie. Ons het hier met die prinsipe van radikale verskeidenheid te doen. Het die eksegese van ,naar zijnen aard' (,volgens hul soort'),[6]) waarvan Genesis I tien keer melding maak, en waarvan Manten geen eksegese gee nie — hier hoegenaamd geen betekenis nie? Kan die betrokke ,struktuurrykdom' vanself (,volgens volledig willekeurige kragte') ontstaan het?

Op ander prinsipiële teëstellings van evolusiebeskouings (soos bv. en o.a. gegee met meganistiese, vitalistiese ,holistiese, strukturalistiese, organistiese, pansomistiese en kreatief-evolusionistiese evolusielere) gaan ek nie in nie. Sodra mens natuurwetenskaplike beginsels in oënskou neem, blyk dit dat Manten se consensus-argument nie steek hou nie. In hierdie verband mag nie vergeet word, dat ontdekte natuurfeite in die lig van die betrokke beginsels vertolk word nie.

e. Ten slotte nog een vraag: is die mens prinsipieel (wesens-)verskillend van die dier?

Manten teken beswaar aan (bl. 267) teen 'n sinsnede uit **Die Kerkblad**, wat (m.i. op wetenskaplik ontegniese en emosionele wyse) betoog dat die vraag na die oorsprong van die mens (**geskape na die beeld van God en na Sy gelykenis**) nie opgelos sal word deur kopbene in grotte te ondersoek nie. Sy antwoord hierop dat God ons nêrens verbied om in grotte te gaan soek nie, is 'n ignoratio elenchi ('n argument wat nie ter sake is nie); want ook die Kerkbladskrywer sal die taak van grotte-ondersoek erken. Sy verdere argument dat die palaeontologie ons voor moeilike probleme plaas, stem ons toe. Dit is egter jammer dat Manten nie op die skepping van die mens nader ingaan nie (bl. 428). „Dit is een probleem met nog zo vele haken en ogen, dat het niet in enkele korte artikelen kan worden afgedaan". Hy erken dat die mens nie vanself (volledig volgens ,willekeurig werkende kragte') uit die dier kan ontwikkel het nie. Ook erken hy die wesensverskil van dier en mens; hy sien die mens as „een wezen met 'n ewigheidskern, die bewust God verheerlijken kan en met Hem in kontakt kan treden". „De natuurwetenschap alleen geeft ons op dit punt geen uitsluitsel" (bl. 427). (Dat Manten hiermee weer midde in die stryd tussen natuurwetenskaplike evolusieleer en Bybeleksegese beland, wil ek net noem). Met die prinsipiële vraag van die oorsprong van die mens behoort verbind te word die beginsel dat die mensegeslag uit een eerste mens (resp. mensepaar) ontwikkel het, iets wat met die palaeontologies gegronde evolusieleer ook moeilik gerym kan word. Soos gesê, is dit jammer dat Manten op die oorsprong van die mens nie nader ingaan nie. Want dit vorm 'n fundamentele toetssteen vir sy siening aangaande die verhouding van natuurwetenskap en Bybeleksegese, 'n toetssteen m.b.t. die vraag na die samehang van alle (ook teologiese, wysgerige en vakwetenskaplike) waarheid, 'n toetssteen vir die teenstrydigheid in Manten se eie beskouings waarna die laaste deel van par. 3b. verwys het.

5. Die metodologiese tekort in Manten se betoog is (saamvattend) sy

eensydige benadering van die betrokke vraagstukke; die gebrek aan 'n prinsipiële wetenskapskritiek vir sover dit die evolusievraagstuk medebepaal; en sy verkeerde disjunksies waardeur hy 'n besonder ingewikkelde problemekompleks oorvereenvoudig en skeef stel. Manten se en my tekort is bowendien dat ons die evolusievraagstuk net vanuit die teologiese en natuurwetenskaplike gesigshoek benader het, en die wysgerige links laat lê het. Wat die kardinale vraag van die oorsprong van die mens betref, moet beklemtoon word dat na álle (w.o. teologiese, wysgerige, en onderskeie vakwetenskaplike getuienisse geluister moet word. Vir sover getuienisse (gronde) mekaar blykbaar weerspreek, moet hulle herondersoek word, totdat nuwe vondste nuwe lig bring en die teenstrydigheid ophef. Hierop kan ek nie ingaan nie. Die erns van die onderhawige vraagstuk wil ek met die volgende afsluitend verduidelik.

Gestel dat die mens uit die dier ontwikkel het, sou by daardie ‚primitiewe' mens van 'n sondeval sprake kon wees? Maar verloor die kruisdood van Jesus Christus nie sy kardinale betekenis, as daar geen sondeval was nie? Die konflik gaan hier om die grondsale van die Christendom self.

H. G. STOKER.

1) Interessant is die vraag in hoever Manten se interessante eksegese deur wysgerige veronderstellings medebepaal is.

2) Vgl. my artikel **„Die vraag na die bedreiging van die natuurwetenskaplike (veral natuurkundige) wetenskapsidee in historiese perspektief"** (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1958).

3) Nie fundamentalisties gesien nie, maar tog van belang o.a. vir die natuurwetenskap wat sy taak ‚in U lig' beoefen.

4) Manten se interessante antroposentriese (of beter: antropoteliese) eksegese (wat mens aan die huidige antroposentriese wysgerige tendense laat dink) maak op my 'n geforseerde indruk.

5) Augustinus leer nie dat lewende organismes uit fisies-chemiese prosesse ontstaan het (generatio spontanea) nie. Sy leer dat God kieme geskape het waaruit lewende organismes ontwikkel het, leer ook nie 'n geleidelike ontwikkeling van een kiem uit 'n ander nie. Sy kieme-leer handhaaf juis die radikale verskeidenheid deur God in die wêreld gelê (Vgl. bl. 268).

6) Die woord ‚soort' in ons Afrikaanse Bybelvertaling is 'n voorwetenskaplike en geen tegnies biologiese term nie (Vgl. bl. 269).